## BOEKBESPREKINGS

RED. J. P. OBERHOLZER 1982: *DIE KERK IN DIE WÊRELD — 'n Bundel opstelle aangebied aan Prof. dr. A. D. Pont by sy 25 jarige ampsjubileum. HAUM, Pretoria, 1982. 238 bladsye. R30,00.*

Waar ons in Suid-Afrika in vergelyking met bv. Europa of die VSA nie 'n groot vloed van teologiese publikasies het nie, het ons hier 'n heel besondere bydrae. As 'n feesbundel, aangebied aan Prof. dr. A. D. Pont van die Universiteit Pretoria, bevat dit 22 telogiese opstelle waarvan die meeste sentreer rondom die vak Kerkgeskiedenis. Hiervan sê Prof. J. P. Oberholzer in die Voorwoord:

> "Die verskeidenheid bydraes in hierdie bundel weerspieël in groot mate die wydheid van prof. Pont se belangstellingsveld. Self het hy gedurende die 25 jaar 'n groot getal publikasies die lig laat sien en was hy steeds 'n gesogte spreker op talle kerklike byeenkomste. Die bundel word hom aangebied deur kollegas binne en buite die kerk en deur oudstudente wat onder sy leiding ontwikkel het tot selfstandige wetenskaplikes, met die bede dat hy sal voortgaan met die diens aan kerk en teologie onder die seen van die Heer van die kerk".

Vanselfsprekend is dit teoloë vanuit die Nederduitsch Hervormde Kerk wat die meeste bydraes gelewer het. Hieronder skuif onderwerpe wat juis vir die HKSA kerk van aktuele belang is na vore soos bv. die heel eerste een van D. J. Booysen oor die Evangeliste-amp en oor die "Evangeliste in missionêre perspektief" van H. G. van der Westhuizen.

Ook dogmatiese (bv. Joh Dreyer se bydrae oor verbondsteologie) en hermeneutiese en eksegetiese onderwerpe (o.a. die bydraes van J. P. Oberholzer G.M.M. Pelser en P.M. Venter) kom aan die orde.

Uiteraard is dit miskien die opstelle op die vakgebied van Prof. Pont, naamlik die historiese onderwerpe, wat die meeste aandag trek. Hier is dit ook bekende historici buite die kringe van die HKSA wat met besonder insiggewende bydraes voor die dag gekom het. Hier praat ons spesifiek van die stuk van E. Brown van Stellenbosch wat 'n braakland aansny, nl. "Die oorlog van 1899-1902 en die problematiek van die vaderlandse kerkgeskiedenis van die twintigste eeu, veral met verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk".

P. B. van der Watt van Pretoria met sy "Geestelike leiers in die Kaapse Kerk (1652-1836)" bring knenis uit 'n gebied waarin hy besonder tuis is.

B. Spoelstra, kerkhistorikus in die GKSA skryf vir die kerkgeskiedenis nie alleen 'n interessante opstel oor Paul Kruger se rol in die Ned. Herv. Kerk nie, maar hy doen dit ook met uitmuntende oorspronklikheid en diepgaande, deeglike aanpak. Sou ons nie alreeds hier 'n platform hê vir 'n pragtige akademiese studie vir die toekoms nie?

In kort, teoloë, kerkgeskiedenis navorsers en selfs nie-akademiese kerklidmate kan alleen baie baat vind by hierdie pragtige boek. Dit is mooi, netjies versorg en kos R30 by HAUM.

V.E. d'A

C. S. KOTZÉ 1984: *Die Ned. Geref. Kerk en die Ekumene*, N. G. Kerkboekhandel. R12,50

Hierdie goedversorgde en netjiese publikasie van die NGK-Boekhandel berus op die proefskrif van die skrywer. Hy grond die begrip ekumene hoofsaaklik op Joh. 17 : 11, 20-23 en pas dit toe op die strukturele kerklike verdeeldheid binne die Protestantisme. Dit is m i egter 'n ope vraag of Christus in Joh. 17 oor strukturele institusionele eenheid soos dit vandag verstaan word, gebid het. Die skrywer handel by uitstek oor tweespalt, skeuring en stryd in NG geledere, die Raad van Kerke, die "drie Afrikaanse Kerke", kerkvereniging en daarna institusionele antitese en samewerking.

Die inleiding wil "skeidingsakte" en "skeidingssmart" (23) aan geestesstrominge gedurende die afgelope eeue toeskryf, maar raak as sodanig algemeen en los van die tema. Die gemaklike aanname dat daar een NG Kerk (soos dit vandag bekend is) voor die Sinode van 1824 bestaan het, oortuig nie (vgl IdS Jg 18 Nr. 18 Nr. 72 : 29 v). Die belewing van die konfessionele eenheid sonder organisatoriese eenheid (bv as rede waarom die Lutherane nie toegelaat moes word nie) voor 1824 is nie na waarde ontleed nie, ontdaan die ekumene van sy reformatoriese siel tot 'n blote institusionele begrip. Tegelykertyd kon die eerste wortels van moderne ekumenisme in Sendelinggenootskappe, Evangeliese alliansie (31, 34) en selfs in De Mist se Kerkorde vir alle kerkgenootskappe, indringender bespreek word.

Die gepersonifieerde, geobjektiveerde en genootskaplike NG Kerkbegrip (25, 31, 64, 66 ens) val deurgaans swaar op die oor en 'n mens kry die indruk dat ekumene binne "die Kerk" as struktuur verwesenlik moet word (vgl 96 v). Die struktuur is as't ware die bindende krag om die volk na eenheid te lei (100, 103, 105, 121). Ek mis deurgaans 'n begronding van die ekumene in die liggaam van Christus wat tog primêr in die baie gemeentes, in baie tale en onder baie volke, na vore kom. Word ekumene dan nie deur die Skrifbepaaldheid van geloof as een in Christus (ekumenies) bepaal nie? Kan die liggaam van Christus met die institusionele "kerk" (4) geïdentifiseer word? Is dit nie presies Roomse ekumene nie?

Kotzé trek hom die woelinge binne NG Kerkgeskiedenis aan waar spanning tussen plaaslike kerke en die sentrale pool tot skeuringe gelei het. Hy behandel die aanleidende geskiedenis van NHK van A en GKSA kursories en m i verteken hy dit (84 v). Hy ontleed bv. nie die politieke faktor in Transvaal rondom 1852 en die gewetensdwang deur kerkvergaderings op gereformeerdes (1841, 1846, 1859) nie. Om die NHK v A van "blinde afkeer" (93) te beskuldig, oorskry die grense van historiese objektiwiteit. Kan die verwyte van Kotzé aan die NHK (87) nie ook aan die NG Sinodes gerig word nie en het Hanekom nie die invloed van die Liberalisme binne NG geledere aangedui nie?

Kotze insinueer byvoorbeeld ook dat Postma hom nie by sy sendingopdrag gehou het nie (86, 91), sonder dat hy hom van Postma se lasbrief rekenskap gee. Het ware "ekumene" nie juis Postma by die Doppers laat beland nie?

Aan die ander kant gee Kotze baie waardevolle en interessante inligting, selfs oor sake waarvan min bekend is, bv. bediening van Krygsgevangenes (109 v) waar 'n gereformeerde N. J. Grobler nie wou saamwerk nie (110), verhoudingsprobleme (110 v, tugstappe teen Gereformeerdes 95) en suggeer dat die NG Kerk se beleid van segregasie aan Hitler se nasionaal-sosialisme verwant is (80).

Ek het die indruk gekry dat die titel van die werk misleidend kan wees. Eintlik is dit 'n werk met ontsaglik baie historiese gegewens oor die NG Kerk se verhouding na binne en buite t.o.v. organisatoriese eenheid. B.S.

HANNA R. 1983. *A Grammatical Aid to the Greek New Testament*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House. 456. (Prys: R21,70).

Hierdie boek se titel sê presies wat die boek is. 'n Grammatiese hulp by die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament. Die skrywer maak gebruik van standaard grammatikas oor die Griekse Nuwe Testament. Hulle is:

1. Blass F. en A. Debrunner. 1961. A Greek Grammar of the New Testament. Vertaal en hersien deur Robert Funk Chicago: University of Chicago Press.
2. Burton, E. D. 1898. Moods and Tenses of New Testament Greek. Edenburgh: T. & T. Clark.
3. Howard W. F. 1928. A. Grammar of New Testament Greek. Vol. 2. Edenburgh: T. & T. Clark.
4. Moule C. F. D. 1959. An Idiom Book of New Testament Greek. New York: Cambridge University Press.
5. Moulton J. H. 1980. A Grammar of New Testament Greek. Vol 1. Edenburgh: T. & T. Clark.
6. Robertson A. T. 1934. A Grammar of the Greek New Testament. Nashville: Broadman Press.
7. Turner N. 1963. A Grammar of New Testament. Greek. Vol 3 Edenburgh: T. & T. Clark.

Die skrywer poog om die inhoud van dié werke, wat baie waardevolle kommentaar lewer op die Griekse Nuwe Testament, toegangklik te maak aan 'n groter gebruikersgroep as met die spesialiste alleen. Die boek is 'n belangrike en waardevolle gereedskapstuk vir die predikant, teologiese student en professor wat gemoeid is met die verklaring van die Griekse Nuwe Testament.

Die skrywer slaag met vlieënde vaandels in sy doel. Die ingewikkelde tegniese terme van die leidende werke het hy gereduseer tot 'n baie eenvoudige begrip, somtyds geïlusreer met behulp van 'n vertaling om die grammatiese konstruksie daarvan duidelik te maak. Nog 'n winspunt van die boek is dat dit volgens die verloop van die teks werk — van Mt. 1 : 1 tot op 22 : 18 vers vir vers. Telkens word na die betrokke grammatikaboek verwys en 'n bladsynommer word voorsien wat naslaanwerk aansienlik vergemaklik.

Die skrywer, Robert Hanna, is professor in Grieks en Nuwe-Testament aan die Seminaro Evangélico Asociado in Marakay, Venezuela en het gegradueer aan die Grand Rapids Baptist College.

Die werk is uiters handig as hulpmiddel vir grammatikale verklaring van die Griekse Nuwe Testament. Die boek is beslis 'n moet vir die voornemende predikant, die predikant en die professor Dit sal met groot vrug gebruik kan word.

S. C. Vorster (PU vir CHO)

CALVYN, JOHANNES. 1559/1984. *Institusie van die Christelike Godsdiens I.* Potchefstroom: CJBF (Vertaler H. W. Simpson, medewerkers, L. F. Schulze en C. M. Brink). 348 bll.

Die vertaling van die *Institusie* van Calvyn in Afrikaans is 'n kerkhistoriese gebeurtenis. Die Afrikaanse kerke gaan gewoonlik deur as "Calvinisties" en die ontsluiting van die denke van Calvyn ook vir die breë kerkpubliek kan alleen verwelkom word. Uit die voorwoord en verantwoording van die vertaler blyk ook dat geen moeite ontsien is om 'n waardige en betroubare vertaling te lewer nie. Hierin het die medewerkers ook 'n positiewe bydrae gelewer.

'n Uitgebreide bronnelys verhoog die waarde van die boek, eers van primêre maar verder ook sekondêre bronne. Veral tov laasgenoemde kan by 'n eventuele herdruk 'n paar verbeteringe aangebring word. Waarom word bv net na die Engelse vertalings van Battles en Beveridge, die Franse van Benoit en die Nederlandse van Sizoo verwys maar nie ook na die Duitse van Otto Weber nie? Waarom word net Wendel se werk oor Calvyn genoem maar nie ook die van Niesel nie? So kan ook nog ander relevante maar onvermelde bronne genoem word.

Uiters waardevol is die invoeging van 'n noukeurige en aangrypende lewensbeskrywing van Calvyn deur sy vriend en kollega Beza (1-78). Dit gee ons 'n helder kykie in die lewe van hierdie besonder begaafde en toegewyde dienskneg van die Here.

Hierna volg 'n vertaling van boek I van die *Institusie* (81-348), met die bekende voorwoord van Calvyn aan die koning van Frankryk (89-111). Ek het reeds genoem dat ons hier — vir sover ek kan oordeel — met 'n waardige en verantwoorde vertaling in keurige Afrikaans te doen het, soms aangevul met uitgebreide en uiters waardevolle voetnotas (waarby Schulze waarskynlik 'n groot bydrae gelewer het). Die vertaling wen ook aan duidelikheid deurdat paragrawe van kopstukke voorsien is. Heelwat ruimte kon egter gespaar gewees het indien kort teksverwysings lángs mekaar ipv ónder mekaar geplaas gewees het (bv. 269, 273).

Ons hoop dat hierdie vertaling sal bydra tot 'n beter kennis van die wáre Calvyn en tot beswering van alle kwasi-Calvinisme waarvan daar in Suid-Afrika ook heelwat te vind is. Die inisieerders en vertaler, die medewerkers en taalkundige versorger, die drukker en uitgewer verdien ons groot dank en waardering vir hierdie praguitgawe. Mag die volgende dele spoedig volg. Die aanvangsprys van R120 vir al die dele klink duur maar dit is 'n deur en deur goeie belegging. Dus hartlik aanbeveel.

JHvW
7 Des. 1984

W. S. PRINSLOO 1984. *Van kateder tot kansel.* 'n Eksegetiese verkenning van enkele Psalms. N.G. Kerkboekhandel Transvaal. Pretoria 165 bll. Vlakdruk sagteband. Prys: R9,75.

Die skrywer, professor in Ou-Testamentiese vakke, afdeling B (NG Kerk) van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, gee in hierdie publikasie 'n bespreking van sewe psalms, naamlik 1, 2, 13, 46, 121, 137, 146. Die doel is om die leser, veral die prediker, te help om die eksegetiese proses op 'n verantwoorde manier te doen. Die leser word stap vir stap in hierdie proses gelei. Aan die einde word telkens riglyne gegee waarvolgens die

prediking kan geskied. Dit is slegs riglyne, nie skemas nie. Daarom word selfstandige arbeid gestimuleer, nie weggeneem nie.

Die sskrywer wys op die onvermoë van die histories-kritiese metode wat hom veral besig hou met die ontstaan, die groei en historiese situasie van die teks, maar wat die teks in sy finale vorm verwaarloos. Die uitgangspunt is vir die skrywer die teks soos wat dit nou daar uitsien. Daarna kan ook die diakroniese aspekte van die orde kom.

In die behandeling kom dinge aan die orde soos: afbakening, tekskritiek, struktuur of opbou, bespreking en vergelyking van perikoopseksies, Gattung, tradisies, Redaktionsgeschichte, inhoud en betekenis.

Professor Prinsloo gee in hierdie boek indringende eksegese en 'n handige hulpmiddel vir die vasstelling van die betekenis van hierdie Psalms in besonder en vir die Psalms in die algemeen. Die redeneer- en steltrant in die boek is duidelik en vloeiend. Ek beveel die werk graag aan.

J. L. Helberg

JOH DE HAAS 1984: *Gedenkt uw Voorgangers*. Vijlbrief, Haarlem. Drie dele f60.

Die skrywer is 'n sakeman (groothandelaar) wat in 1947 na Kanada emigreer het en hom in kerkgeskiedenis interesseer het. Uit sy pen het ook reeds *Van dominees en Gemeenten* verskyn. Dit maak die titel van hierdie drie-delige werk nogal sprekend. Korter en langer biografiese sketse is saamgestel en vergader van *alle predikante* wat gedien het in die kerke in Nederland en Duitsland vanuit die afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886. Hy is juis tot die taak geïnspireer toe hy opgemerk het dat die "Biografische Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland" slegs 'n klein getal Gereformeerde predikante vermeld. Uiteraard kan ons slegs op enkele predikante steekproewe doen.

Die groot taak is in drie dele afgehandel. Deel 1 behandel die predikante van 1834-1880. Deel II van 1880 tot 1915 en Deel III predikante van 1915-1945. Onder die biografië verskyn prof. D. Postma, ds. J. Beyer en dr. S. O. Los wat as predikant en professor in Transvaal gedien het. Laasgenoemde twee het na Nederland teruggekeer. Die bekende dr. F. L. Bos tipeer die werk as betroubaar.

Dit is gevolglik 'n werk wat as biografiese Woordeboek enige kerkhistoriese biblioteek sal verryk. Verder behoort die werk vir families wat van Nederlandse predikante afstam of bepaalde predikante wens te onthou, besondere waarde te hê.

BS

P. B. VAN DER WATT ET AL 1983: *Die Ned. Geref. Kerk en Sy Ekumeniese Verhoudinge*. Teologiese Fakulteit, UP, Vlakdruk.

Die Voordragte op 8 Februarie 1983 by die Teologiese Fakulteit aan UP het oor die aktuele verhoudinge van die NGK met binnelandse en buitelandse kerke gehandel. Die betrokkenheid van die NGK by die politieke "apartheidsbeleid" (17, 27, 43, 49, 53) en kontemporêre druk vanuit verskillende oorde (Voorwoord, 13, 14, 19, 64) het die tema bepaal. Die volgende referate en response is gelewer:

Prof. P. B. van der Watt en ds. J. E. Potgieter: *Die NGK en die Susterskerke;*

Prof C. W. H. Boshoff en dr. D. C. Fourie: *Die NGK en die Jong Kerke;*

Dr. C. S. Kotzé en prof. C. F. A. Borchardt: *Die NGK en die ander SA Kerke;*

Dr. P. Rossouw en prof. D. Crafford: *Die NGK en die Buitelandse Kerke;*

Prof. J. A. Heyns: *Die Kerk se Eukumeniese Roeping.*

Die eerste referaat opereer lekker-maklik, met 'n formeel-strukturele kerkbegrip oor "drie" (sic) Afrikaanse kerke en bied daarna 'n waardevolle oorsig oor interkerklike samesprekings oor "eenheid". Talle wetenskaplike vrae bly steek, bv. het in 1652 net "één kerk" (1, 29) as NGK bestaan toe nog geen gemeente gestig was nie en in 1824 eers die eerste Sinode saamgekom het (Vgl. Ids. Jg 18 Nr. 72 : 29-33)? Die referent sê dat kerkhistorici enkele "ontwykende vrae" vermy (3). Die kritiek geld egter ook die referaat: Het die Ring van Graaff Reinet 1846 nie sonder Skrifgesag oor 'n Liederbundel andersdenkendes uit die kerk gedwing nie? Het 'n NGK-stigting in die ZAR (1865) in die lig van die Hofuitspraak 1862 teenoor die NHK (en GKSA?) bestaansreg gehad? Hoe bewys die referent dat bv. P. Kruger of oudl. H. T. J. van der Walt (by wie ds. W. Murray in 1860 ingewoon het) se kerklike keuse deur"pioniershartstogte en broedertwis" (3) bepaal is? Kan ons sê dat die geskiedenis die kloof vergroot het? Was die huidige inter-kerklike samesprekings in bv. 1860 moontlik of sou konserwatisme, revivalisme en verligte liberalisme toe onversoenbare golflengtes bepaal het? Die laaste twee onderwerpe het my die meeste aangespreek. Die derde bied 'n magdom historiese feite. Die tweede openbaar die verskil in denkklimaat binne die NGK oor interne eenheid. Die respondent vermy die probleem met 'n beroep op formele kerkgesag omdat prof. Boshoff volgens hom nie die NGK-standpunt stel nie (27).

Die eerste paar voordragte verraai oorwegend genootskaplike (vgl. opskrif en feitlik elke bladsy) en volkskerkbegrippe waaruit die ekumene verstaan word (2a, 8b, 13, 17v, 21, 26). Die volk gaan in talle stellings die kerk vooraf. Die kerk is daar om "volkskarakter" te bewaar (21). Die derde voordrag skryf verwydering tussen die NGK en ander kerke oorwegend aan rassepolitiek toe. Dit het mi die Afrikaanse nasionale bewuswording teenoor Engelse kolonialisme (veral voor 1938) as oorsaak van verwydering van Afrikaners teenoor Presbiteriane, Anglikane en Metodiste misgekyk.

Sedert die Aufklährung verkry die begrip kerkeenheid oorwegend 'n strukturele of organisatoriese betekenis. So word aan die een kant maklik "aparte" kerkgroeperinge "sonde" genoem (13, 81) — terwyl aan die ander kant "aparte" kerke op sterkte van nie-kerklike en nie-konfessionele (bv. kulturele of rasse) gronde as noodsaaklik beskou word. Dit klop nie! Ek waardeer prof. Boshoff se pleidooi vir "strukturele gestalte" aan die eenheid van NG Kerke oor taal en kultuurverskille heen (23), maar kan dan sy politieke apartstelling van die Kleurling ten spyte van kultuureenheid nie begryp nie.

Fourie baseer sy kerkbegrip mi op Romeins-regtelike en sekulêre beskouings asof die kerk 'n klub of vereeniging "van die NG Afrikaner" (27) is. Is dié NG Kerk sondermeer dié kerk? Bepaal die een heilige algemene kerk of die NGK-superstruktuur die karakter van 'n gemeente? Sien jy aan 'n gemeente dat dit NG-kerk of dat dit kerk van Christus is? Daar sal erns gemaak moet word van die stelling van Rossouw dat daar 'n "vaagheid tussen

kerk en koninkryk" voorkom, terwyl nie die NGK nie, maar die koninkryk die doel moet wees (63 Vgl. proff Gafford 72 en Heyns 78, 80).

Oor die ekumene sal ons nie maklik klaar gedink kry nie, voordat ons nie van die kerk as instituut wegbeweeg nie en vra of die eenheid in geloof, liturgie en kerkregering dinamies in die plaaslike kerke na vore tree.

BS

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Dr. P. Rossouw 1985: *Ekumeniese Besinning*. NG Kerkboekhandel, Pretoria. R13,25.

Red. A. J. Smuts 1985: *Die Woord aan die Werk*. Oor die Kerklied, prediking, kategese. N. G. Kerkboekhandel, Pretoria. R14,25.

D. Deddens, J. Kamphuis 1984: *Afscheiding-Wederkeer*. Opstellen over de afscheiding van 1834, 2de druk. Vijlbrief. Haarlem f 38,95 (NS)

Red. prof. S. I. du Toit 1985: *Menswees in die Kollig*. NG Kerk boekhandel. Transvaal, Posbus 245 Pretoria. Prys R7,50.

## PUBLIKASIES ONTVANG VAN INSTITUUT VIR REFORMATORIESE STUDIE, POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO.

1. C. G. de Groot. *Desiderius Erasmus: Die man wat geen martelaar wou word nie*. 77 bladsye. R4,00.
2. B. J. van der Walt. *John Knox: Die Skotse hervormer wat geen mens gevrees het nie*. 9 bladsye. R1,50.
3. C. G. de Groot. *Huldrych Zwingli: Die vurige stryder vir die Reformasie in Switzerland*. 69 bladsye. R3,60.
4. B. J. van der Walt. *Johannes Hus: Reformator in eie reg*. '30 bladsye. R2,00.
5. B. J. van der Walt: *Mense en Gode in Suider-Afrika* 68 bladsye. R3,50.
6. B. J. van der Walt et al 1984: *Ideologiese stryd in Suider-Afrika!* Vlug vir die Afgode.
7. J. H. Coetzee en C. J. Malan: *Geloftedag. Gister, Vandag, môre*, 23 blss.
8. B. J. v.d. Walt: *Vrou en Huwelik: In die Middeleeue, by Calvyn en by ons*. 60 blss.
9. F. C. Fensham: *Die Christen-Afrikaner in Beweging in die Twintigste eeu* 21 blss.
10. J. H. van Wyk en J. J. F. du Rand: *Christen en Politiek* 29 blss.
11. M. Aucamp: *Charisma en Amp*. 16 blss.

THE REFORMED ECUMENICAL SYNOD. 1677 GENTIAN DR. S. E., GRAND RAPIDS: MICHIGAN 49508 USA.

1. RES Mission Conference Chicago 1984: Mission and the Future — Charting New Strategies $ 4,00.
2. RES Theological Conference Chicago 1984: The Interpretation of Scripture today 57 blss. $ 4,00.

3. RES Youth Conference Chicago 1984. Integrating Youth into the full Life and Work of the Church, 36 blss. $ 3,00.
4. K. Runia 1984: Reformed Churches Racing the Future, RES Conference Chicago 1984, 15 blss. $ 1,50.
5. RES Testimony on Human Rights 160 blss. $ 7,00.
6. RES PERIODICALS:
   RES News Exchange (monthly) $ 7,00.
   RES Theological Forum (quarterly) $ 6,00.
   RES Mission Bulletin (quarterly) $ 4,00.